



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1242
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
ROORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1242
Registered at the Post Office as a Newspaper

Vc.]

PRETORIA, 20 FEBRUARIE 1970
20 FEBRUARY

[No. 2627

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 43, 1970

CISKEISE GEBIEDSOWERHEIDSREGULASIES.—WYSIGING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), gelees met artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), wysig ek hierby Bylae C van Proklamasie R. 143 van 1968, ooreenkomstig bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Drie-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd-ensewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

Vervang die woord "derde" in regulasie 21 (1) van Bylae C deur die woord "vyfde".

No. R. 44, 1970

MUNISIPALITEIT PORT ELIZABETH.—"VOORGESKREWE GEBIED" Kragtens ARTIKEL 45 (1) (b) VAN WET 69 VAN 1957

Hierby herroep ek Proklamasie R. 323 van 1969.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 45 (1) (b) van die Wet op Verpleging, 1957 (Wet 69 van 1957), verklaar ek hierby, na oorweging van die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad en in die oortuiging dat daar in die gebied waaroor die munisipaliteit Port Elizabeth regsbevoegdheid uitoefen, vir alle klasse van die bevolking voldoende fasiliteite bestaan om behandeling deur geneeshere, geregistreerde vroedvroue of ingeskrewe hulpvroedvroue te verkry, dat daardie gebied vanaf 1 Januarie 1970 'n voorgeskrewe gebied is waarin

A—48203

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 43, 1970

CISKEIAN TERRITORIAL AUTHORITY REGULATIONS.—AMENDMENT

Under and by virtue of the powers vested in me by section 17 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), read with section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), I hereby amend Schedule C to Proclamation R. 143 of 1968, in accordance with the accompanying Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-third day of January, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

Substitute the word "fifth" for the word "third" in regulation 21 (1) of Schedule C.

No. R. 44, 1970

MUNICIPALITY OF PORT ELIZABETH.—"PRESCRIBED AREA" UNDER SECTION 45 (1) (b) OF ACT 69 OF 1957

I hereby rescind Proclamation R. 323 of 1969.

In terms of the powers vested in me by section 45 (1) (b) of the Nursing Act, 1957 (Act 69 of 1957), and after considering the recommendation made by the South African Nursing Council and being satisfied that in the area under the jurisdiction of the Municipality of Port Elizabeth the facilities for obtaining attendance by medical practitioners, registered midwives or enrolled auxiliary midwives are sufficient for all classes of the population, I hereby declare such area, as from 1 January 1970, to be

1—2627

niemand anders as 'n vroedvrou wat ingevolge Wet 69 van 1957 geregistreer is of 'n hulpvroedvrou wat ingevolge Wet 69 van 1957 ingeskryf is, vir wins as vroedvrou mag praktiseer nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Februarie Eenduisend Negehoonderd en Sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

C. DE WET.

No. R. 45, 1970

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG. — "VOOR-
GESKREWE GEBIED" KRAGTENS ARTIKEL 45 (1)
(b) VAN WET 69 VAN 1957

Hierby herroep ek Proklamasie R. 329 van 1969.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 45 (1) (b) van die Wet op Verpleging, 1957 (Wet 69 van 1957), verklaar ek hierby, na oorweging van die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad en in die oortuiging dat daar in die gebied waaroor die munisipaliteit Johannesburg regsbevoegdheid uitoefen, vir alle klasse van die bevolking voldoende fasiliteite bestaan om behandeling deur geneeshere, geregistreerde vroedvroue of ingeskrewe hulpvroedvroue te verkry, dat daardie gebied vanaf 1 Januarie 1970 'n voorgeskrewe gebied is waarin niemand anders as 'n vroedvrou wat ingevolge Wet 69 van 1957 geregistreer is of 'n hulpvroedvrou wat ingevolge Wet 69 van 1957 ingeskryf is, vir wins as vroedvrou mag praktiseer nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Februarie Eenduisend Negehoonderd en Sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

C. DE WET.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 265 20 Februarie 1970
WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG
NATIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR
DIE METAALNYWERHEID. — WYSIGING VAN
DIE LEERVOORWAARDES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 16 van bogemelde Wet—

(i) wysig hierby Goewermentskennisgewing R. 2061 van 8 November 1968, soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 2367 van 27 Desember 1968, deur klousule 3 (a) deur die volgende klousule te vervang:

“(a) 'n Werkgever moet 'n vakleerling minstens 'n loon betaal wat bereken is teen ondergenoemde persentasies van die loon wat ingevolge die Hoofooreenkoms van die Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid voorgeskryf is

a prescribed area within which no person other than a midwife registered in terms of Act 69 of 1957 or an auxiliary midwife enrolled in terms of Act 69 of 1957, may practise for gain as a midwife.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Fourth day of February, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

C. DE WET.

No. R. 45, 1970

MUNICIPALITY OF JOHANNESBURG.—
“PRESCRIBED AREA” UNDER SECTION 45 (1) (b)
OF ACT 69 OF 1957

I hereby rescind Proclamation R. 329 of 1969.

In terms of the powers vested in me by section 45 (1) (b) of the Nursing Act, 1957 (Act 69 of 1957), and after considering the recommendation made by the South African Nursing Council and being satisfied that in the area under the jurisdiction of the Municipality of Johannesburg the facilities for obtaining attendance by medical practitioners, registered midwives or enrolled auxiliary midwives are sufficient for all classes of the population, I hereby declare such area, as from 1 January 1970, to be a prescribed area within which no person other than a midwife registered in terms of Act 69 of 1957 or an auxiliary midwife enrolled in terms of Act 69 of 1957, may practise for gain as a midwife.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town, this Fourth day of February, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

C. DE WET.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 265 20 February 1970
APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED
NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR
THE METAL INDUSTRY.—AMENDMENT OF CON-
DITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of section 16 of the above-mentioned Act, hereby—

(i) amend Government Notice R. 2061 of 8 November 1968 as applied by Government Notice R. 2367 of 27 December 1968 by the substitution for clause 3 (a) of the following clause:

“(a) An employer shall pay an apprentice a wage of not less than that calculated on the following percentages of the wage prescribed in the Main Agreement of the Industrial Council for the Iron, Steel,

vir Tarief A-werk gedurende die eerste ses maande diens, ongeag of genoemde Ooreenkoms bindend is vir die gebied of ambag waarin die vakleerling in diens is:

(i) In vierjaarambagte:	Persentasie
Eerste jaar.....	30
Tweede jaar.....	35
Derde jaar.....	40
Vierde jaar.....	50
(ii) In vyfjaarambagte:	Persentasie
Eerste jaar.....	30
Tweede jaar.....	35
Derde jaar.....	40
Vierde jaar.....	50
Vyfde jaar.....	100:

Met dien verstande dat indien genoemde Ooreenkoms verstryk, die loon betaalbaar aan 'n vakleerling bereken moet word op die loon wat ingevolge die verstrekte Ooreenkoms voorgeskryf was vir Tarief A-werk gedurende die eerste ses maande diens, tot tyd en wyl so 'n ooreenkoms weer van krag word.”;

(ii) bepaal dat die leervoerwaarde hierbo vermeld vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing ook van toepassing is op vakleerlinge wat in diens is in enige ambag wat 'n aangewese ambag is of was in die nywerheid en gebied waarvoor die Nasionale Vakleerlingskapkomitee vir die Metaalnywerheid ingestel is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. R. 259 20 Februarie 1970

BANTOEBELASTING.—AFTREKKINGSTABELLE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 25 (2) en 32 (3) van die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet 92 van 1969), kondig ek, James Prior Dodds, Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby af dat aftrekkingsabelle wat geld vir alle kategorieë van werknemers en tabelle vir die bepaling van die bedrag van voorlopige belasting wat deur voorlopige belastingpligtiges in die algemeen betaal moet word, wat ek ooreenkomstig onderskeidelik artikels 25 (1) en 32 (2) van genoemde Wet voorgeskryf het, op 1 Maart 1970 in werking tree.

J. P. DODDS, Sekretaris van Bantoe-Administrasie en -ontwikkeling.

Opmerking.—Die aftrekkingsabelle is op aanvraag verkrygbaar van Ontvangers van Bantoebelasting (Bantoesakekommissarisse by wie werkgewers hul moet laat registreer).

No. R. 260 20 Februarie 1970

BANTOEBELASTING.—AANSLAGBEAMPTES EN ONTVANGERS

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by die woordomskeywing van onderskeidelik “aanslagbeampte” en “ontvanger” in artikel 1 van die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet 92 van 1969)—

(a) elke Bantoesakekommissaris en beamptes in die Staatsdiens op die diensstaat van 'n Bantoesakekommissaris, wat 'n salaris van minstens R1,800 per jaar ontvang, aangewys het om die pligte, werksaamhede en bevoegdhede van 'n aanslagbeampte kragtens genoemde Wet te verrig en uit te oefen; en

Engineering and Metallurgical Industry for Rate A work during the first six months' service, irrespective of whether the said agreement is binding in respect of the area or trade in which the apprentice is employed:

(i) In four-year trades	Percentage
First year.....	30
Second year.....	35
Third year.....	40
Fourth year.....	50
(ii) In five-year trades	Percentage
First year.....	30
Second year.....	35
Third year.....	40
Fourth year.....	50
Fifth year.....	100:

Provided that if the said Agreement lapses the wage payable to an apprentice shall be calculated on the wage which was prescribed in the lapsed Agreement for Rate A work during the first six months' service, until such an agreement again becomes effective.”;

(ii) determine that the condition set out above shall from the date of publication of this notice also apply to apprentices who are employed in any trade which is or was a designated trade in the Industry and area for which the National Apprenticeship Committee for the Metal Industry was established.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 259 20 February 1970

BANTU TAXATION.—DEDUCTION TABLES

Under and by virtue of the powers vested in me by sections 25 (2) and 32 (3) of the Bantu Taxation Act, 1969 (Act 92 of 1969), I, James Prior Dodds, Secretary for Bantu Administration and Development, hereby notify that deduction tables applicable to all classes of employees and tables for determining the amount of provisional tax to be paid by provisional taxpayers generally, which I have prescribed in terms of sections 25 (1) and 32 (2) respectively, of the said Act, shall come into force on 1 March 1970.

J. P. DODDS, Secretary for Bantu Administration and Development.

Note.—The deduction tables are obtainable on request from Receivers of Bantu Tax (Bantu Affairs Commissioners with whom employers are requested to register).

No. R. 260 20 February 1970

BANTU TAXATION.—ASSESSING OFFICERS AND RECEIVERS

It is hereby notified for general information that the Secretary for Bantu Administration and Development has, under and by virtue of the powers vested in him by the definition of “assessing officer” and “receiver” respectively, in section 1 of the Bantu Taxation Act, 1969 (Act 92 of 1969)—

(a) designated every Bantu Affairs Commissioner and officers in the Public Service on the establishment of a Bantu Affairs Commissioner, who are in receipt of a salary of at least R1,800 per annum, to perform the duties and functions and to exercise the powers of an assessing officer under the said Act; and

(b) elke Bantoesakekommissaris gemagtig het om belastinge waarvoor daar in genoemde Wet voorsiening gemaak word, in te vorder.

No. R. 272

20 Februarie 1970

REGULASIES BETREFFENDE BANTOE-BELASTING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 45 van die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet 92 van 1969), vaardig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die regulasies in bygaande Bylae uit.

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en ontwikkeling.

BYLAE

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk—

(a) beteken "die Wet" die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet 92 van 1969); en

(b) het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

2. 'n Belasting, spesiale belasting of boete, uitgesonderd 'n boete deur 'n hof opgelê, moet betaal word by die kantoor van 'n ontvanger of 'n ander persoon kragtens of ingevolge die Wet gemagtig om sodanige belasting, spesiale belasting of boete in te vorder, op die dae en tye wanneer die betrokke kantoor oop is vir die bediening van die publiek, of op sodanige dae en tye as wat 'n ontvanger of bedoelde persoon betaling eis.

3. 'n Bantoe wie se permanente tuiste buite die Republiek van Suid-Afrika is, is vrygestel van die betaling van algemene belasting ingevolge die Wet indien—

(a) hy in besit is van 'n paspoort of ander reis-dokument uitgereik deur sy land van herkoms; en

(b) sy repatriasie na sy land van herkoms nie ingevolge enige ooreenkoms aangegaan met sodanige land opgeskort is nie; en

(c) in die geval van 'n burger van Lesotho, Botswana of Swaziland, dit blyk uit 'n endossement wat wettiglik op sodanige paspoort of reisdokument gemaak is dat hy in die Republiek van Suid-Afrika binnegekome het vir die doel van indiensneming op of na die eerste dag van Julie 1963, en dat hy nie toegelaat is om onbepaald in die Republiek van Suid-Afrika te bly nie.

4. (1) Indien 'n Bantoe nie in staat is om onmiddellik te voldoen aan 'n versoek kragtens artikel 14 van die Wet om inligting met betrekking tot sy identiteit of belastingpligtigheid te verstrek of om of 'n kwitansie of 'n betaling-, vrystelling- of uitstelsertifikaat te toon nie, moet enige redelike verduideliking wat hy verstrek en wat geredelik geverifieer kan word deur die persoon wat die versoek rig, deur sodanige persoon ondersoek word voordat hy sy bevoegdheid van inhegtenisneming uitoefen, tensy die betrokke Bantoe weier om hom vir die doel van ondersoek te vergesel.

(2) Tensy *mala fides* vermoed word, mag 'n Bantoe wat versoek is om 'n kwitansie of sertifikaat bedoel in subregulasie (1) te toon, nie in hegtenis geneem word nie indien hy 'n bewysboek toon, uitgereik ingevolge die

(b) authorised every Bantu Affairs Commissioner to collect the taxes provided for in the said Act.

No. R. 272

20 February 1970

REGULATIONS RELATING TO BANTU TAXATION

Under and by virtue of the powers vested in me by section 45 of the Bantu Taxation Act, 1969 (Act 92 of 1969), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, make the regulations in the accompanying Schedule.

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE

1. In these regulations, unless inconsistent with the text—

(a) "the Act" means the Bantu Taxation Act, 1969 (Act 92 of 1969); and

(b) an expression to which a meaning has been assigned in the Act, has the meaning so assigned thereto.

2. A tax, special tax or penalty, other than a fine imposed by a court, shall be paid at the office of a receiver or any other person authorised under or in terms of the Act to collect such tax, special tax or penalty, on the days and at the times when the office is open for service to the public or at such other place and on such days and at such times as a receiver or the person referred to may require.

3. A Bantu whose permanent home is outside the Republic of South Africa shall be exempt from the payment of general tax under the Act if—

(a) he is in possession of a passport or other travel document issued by his country of origin; and

(b) his repatriation to his country of origin has not in terms of any agreement entered into with such country been suspended; and

(c) in the case of a national of Lesotho, Botswana or Swaziland, it appears from an endorsement lawfully made on such passport or travel document that he entered the Republic of South Africa for purposes of employment on or after the first day of July 1963 and that he is not permitted to remain in the Republic of South Africa indefinitely.

4. (1) If a Bantu is not able to comply immediately with a request under section 14 of the Act to furnish information in regard to his identity or liability for tax or to produce either a receipt or a certificate of payment, exemption or extension any reasonable explanation which he offers and which can be readily verified by the person who makes the request, shall be investigated by such person before he exercises his powers of arrest, unless the Bantu concerned refuses to accompany him for the purpose of investigation.

(2) Unless there is any suspicion of *mala fides* a Bantu who has been requested to produce a receipt or certificate referred to in subregulation (1) shall not be arrested if he produces a reference book issued in terms

Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinerings van Dokumente) Wet, 1952 (Wet 67 van 1952), of 'n paspoort of enige ander dokument bedoel in die Wet tot Regeling van die Toelating van Personen tot de Unie, 1913 (Wet 22 van 1913), waaruit blyk dat hy op dié tyd in die diens is van 'n werkgewer wie se naam en adres in sodanige bewysboek, paspoort of dokument aangeteken is: Met dien verstande dat sodanige Bantoe te eniger tyd gedagvaar of gewaarsku kan word op die wyse voorgeskryf by onderskeidelik artikel 309 of 310 van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955), om in 'n hof te verskyn om te antwoord op 'n aanklag ingevolge artikel 43 (1) (d) of (e) van die Wet.

(3) Geen versoek om 'n kwitansie of sertifikaat bedoel in subregulasie (1) ten opsigte van 'n bepaalde jaar se belasting te toon, word gerig tot na 31 Mei van daardie jaar nie.

5. (1) Die persoon wat 'n lasbrief kragtens artikel 17 (3) van die Wet uitgereik, ten uitvoer lê, kan op 'n Bantoe in die lasbrief genoem as koste ten opsigte van tenuitvoerlegging 'n samegestelde geld van 30c verhaal ten opsigte van elke jaar van wanbetaling en geen ander koste nie: Met dien verstande dat indien sodanige persoon in die tenuitvoerlegging van sodanige lasbrief op eiendom beslag lê of dit verkoop, hy benewens sodanige koste geregtig is op—

(a) aanjagelde teen 5c per myl, behoudens 'n maksimum van 75c vir alle soorte of enige aantal diere waarop beslag gelê is ten opsigte van die aanspreeklikheid van enige enkele wanbetaler;

(b) die nodige oppasgelde van vee waarop aldus beslag gelê is, volgens die skaal vasgestel in die skutwette asdan van toepassing in die betrokke distrik;

(c) veilingsgelde vir die verkoop van eiendom waarop aldus beslag gelê is, volgens die skaal wat in dié stadium in die Reëls van die Landdroshowe vasgestel is ten opsigte van eksekusieverkopings van roerende eiendom.

(2) Die Staat of 'n persoon of liggaam aan wie enige belasting bedoel in artikel 17 (3) van die Wet toeval, is nie aanspreeklik vir die betaling van enige gelde wat die persoon bedoel in subartikel (1) nie op 'n betrokke Bantoe verhaal nie.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 254 20 Februarie 1970
WET OP GRENSBEHEER, 1967.—VERBETERING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING R. 16 VAN 2 JANUARIE 1970

Vervang die woord "Swaziland" deur die woord "Botswana" waar dit in die betrokke kennisgewing voorkom.

Die adres van die Paspoortbeheerbeampte moet wees.

Die Stasiebevelvoerder,
Suid-Afrikaanse Polisie,
McCarthyrus-grenspos,
Privaatsak 521,
Kuruman.

of the Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952 (Act 67 of 1952), or a passport or any other document referred to in the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913 (Act 22 of 1913), from which it appears that at that time he is in the service of an employer whose name and address are recorded in such reference book, passport or document: Provided that such Bantu may be summoned or warned at any time in the manner prescribed in section 309 or 310, respectively, of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act 56 of 1955), to appear in a court to answer to a charge in terms of section 43 (1) (d) or (e) of the Act.

(3) No request to produce a receipt or certificate referred to in subregulation (1) in respect of a particular year's tax shall be made until after 31 May of that year.

5. (1) The person executing a warrant issued under section 17 (3) of the Act may recover, as costs in respect of the execution, from a Bantu mentioned in the warrant a composite fee of 30c in respect of each year of default of payment and no other costs: Provided that if such person in the execution of such warrant attaches property or sells it, he shall in addition to such costs, be entitled to—

(a) driving fees at 5c per mile, subject to a maximum of 75c for all kinds or any number of animals which are attached in respect of the liability of any single defaulter;

(b) the necessary herding fees of animals so attached, according to the scale determined in the pounding laws then applicable in the relative district;

(c) auction fees for the sale of property so attached, according to the scale determined at that stage in the Rules of the Magistrates' Courts in respect of sales in execution of movable property.

(2) The State or a person or body to whom any tax referred to in section 17 (3) of the Act accrues, shall not be liable for the payment of any fees which the person referred to in subsection (1) does not recover from the Bantu concerned.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 254 20 February 1970
BORDER CONTROL ACT, 1967.—CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE R. 16, DATED 2 JANUARY 1970

Substitute the word "Botswana" for the word "Swaziland" where it appears in the above-mentioned notice.

The address of the Passport Control Officer should read:

The Station Commander,
South African Police,
McCarthyrus Border Post,
Private Bag 521,
Kuruman.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 251 20 Februarie 1970
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING
VAN REGULASIES (No. MR/28)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 555 van 13 April 1966, deur in regulasie 4.12.05 die woorde "albei buite-ente" deur die woorde "een van die buite-ente" te vervang.

N. DIEDERICHS, Minister van Finansies.

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat vate wat spiritus vir veroudering bevat slegs op een van die buite-ente gemerk moet word.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 253 20 Februarie 1970
VERKLARING VAN VERGIFTIGING DEUR
INSEKTEGIF EN ANDER PLAAGBEHEERMID-
DELS AS 'N SIEKTE WAT IN DIE HELE REPU-
BLIEK AANGEDEE MOET WORD

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 18 (2) (a) van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), soos gewysig, gelees met artikel 157 van genoemde Wet, vergiftiging veroorsaak deur die vervaardiging, hantering, toevallige inneem en gebruik van insektegif en ander plaagbeheermiddels in enige vorm tot 'n siekte verklaar wat in die hele Republiek aangegee moet word vanaf die datum van publikasie hiervan.

Goewermentskennisgewing 2261 van 31 Augustus 1951 waarkragtens vergiftiging veroorsaak deur die vervaardiging, hantering, toevallige inneem en gebruik van slegs insektegif aangegee moet word, word hierby ingetrek.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 274 20 Februarie 1970
WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG
KRAGTENS ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP DIE
STAATSPROKUREUR, 1957 (WET 56 VAN 1957)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 9 van die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (Wet 56 van 1957), die wysiging hieronder genoem van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2117 van 30 Desember 1966 uit te vaardig:

1. Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2117 van 30 Desember 1966 word hierby gewysig deur in paragrafe (a) en (b) die uitdrukking "R200" deur die uitdrukking "R400" te vervang.

2. Die wysiging by paragraaf 1 aangebring, is nie van toepassing op 'n leerkontrak wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Goewermentskennisgewing aangegaan is nie.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 251 20 February 1970
CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMEND-
MENT OF REGULATIONS (No. MR/28)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend the regulations published in Government Notice R. 555 of 13 April 1966, by the substitution in Regulation 4.12.05 for the words "both outside ends" of the words "one of the outside ends".

N. DIEDERICHS, Minister of Finance.

Note.—The effect of this notice is that casks containing spirits for maturation shall only be marked on one of the outside ends.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 253 20 February 1970
DECLARATION OF INSECTICIDAL AND OTHER
PESTICIDAL POISONING AS A NOTIFIABLE
DISEASE THROUGHOUT THE REPUBLIC

The Minister of Health has, in the exercise of the powers conferred upon him by section 18 (2) (a) of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as amended, read with section 157 of the said Act, declared poisoning due to the manufacture, handling, accidental consumption and using of insecticides and other pesticides in any form whatsoever to be a notifiable disease throughout the Republic with effect from the date of publication hereof.

Government Notice 2261, dated 31 August 1951, in terms of which poisoning due to the manufacturing, handling, accidental consumption and using of only insecticides was declared notifiable, is hereby withdrawn.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 274 20 February 1970
AMENDMENT OF REGULATIONS PROMULGATED
UNDER SECTION 9 OF THE STATE ATTORNEY
ACT, 1957 (ACT 56 OF 1957)

The State President has been pleased, in terms of section 9 of the State Attorney Act, 1957 (Act 56 of 1957), to make the amendment mentioned hereunder to the regulations published under Government Notice R. 2117, dated 30 December 1966:

1. Regulation 2 of the regulations published under Government Notice R. 2117, dated 30 December 1966 is hereby amended by the substitution in paragraphs (a) and (b) for the expression "R200" of the expression "R400".

2. The amendment effected by paragraph 1 shall not apply to articles entered into before the date of coming into operation of this Government Notice.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 263

20 Februarie 1970

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN GROENTE WAT VIR UITVOER UIT DIE REPUBLIEK BEDOEL IS

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 7 van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1959 (No. 10 van 1959), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van groente wat vir uitvoer uit die Republiek bedoel is, ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1220 van 12 Augustus 1960, wat hierby herroep word.

BYLAE

Woordomskrywings.

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

“bederf”, met betrekking tot groente, 'n toestand waar verrotting of swamontwikkeling deels of in die geheel die kwaliteit van die groente beïnvloed;

“besending”, 'n hoeveelheid groente van dieselfde soort wat op 'n bepaalde tydstip afgelewer word onder dieselfde vragbrief, afleweringsbrief of ontvangsbewys, of van dieselfde voertuig, of indien so 'n hoeveelheid van dieselfde soort ingedeel is in verskillende cultivars elke hoeveelheid van elk van die verskillende cultivars;

“buitelandse etiket”, 'n etiket wat nie voldoen aan al die merkvereistes van hierdie regulasies nie en wat nie aandui dat die groente in die Republiek geproduseer is nie;

“Departement”, die Departement van Landbou-ekonomie en -bemaking;

“deursnee”, met betrekking tot groente, die grootste dwarsdeursnee gemeet reghoekig met 'n lyn wat van die stingelent tot die punt strek;

“die Wet”, die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1959 (No. 10 van 1959);

“gesond”, vry van insekbeskadiging, insekbesmetting of enige uitwendige of inwendige gebreke wat kwaliteit of goeie voorkoms affekteer;

“goedgevormd”, met betrekking tot groente, die normale fatsoen van groente van 'n bepaalde soort of cultivar kenmerkend van daardie soort of cultivar;

“groente”, aspersies, beet, blaarslaai, blomkool, geelwortels, groenbone, groenerte, groen uie, knoffel, komkommers, kopkool, pampoene, patats, rape, rissies (droog en vars), skorsies, spinasie, tamaties, witwortels en enige ander varsgroentesoort uitgesonderd aartappels en droë uie;

“hol”, met betrekking tot 'n tamatie, die spasie tussen die vleis van die pitkern en die binnekant van die buite-wand van 'n tamatie soos langs die deursnee gemeet;

“Hoof van Kommoditeitsdienste”, die Hoof van die Afdeling Kommoditeitsdienste van die Departement;

“letsels”, enige uitwendige of inwendige gebreke wat deur uiterlike faktore soos klimaatstoestand, vervoer, hantering, insekte, swamme of bakterieë veroorsaak is;

“los”, met betrekking tot 'n blomkool, dat die blom-trossies in die kop van die blomkool begin verleng met die gevolg dat die trossies uitmekaar val en die kop so-doende los vertoon;

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 263

20 February 1970

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF VEGETABLES INTENDED FOR EXPORT

The State President has, under the powers vested in him by section 7 of the Agricultural Produce Export Act, 1959 (No. 10 of 1959), made the regulations set out in the Schedule hereto, relating to the grading, packing and marking of vegetables intended for export, in substitution of the regulations published by Government Notice R. 1220 of 12 August 1960, which is hereby repealed.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have a corresponding meaning, and—

“blemishes” means any external or internal defects caused by extraneous factors such as climatic conditions, transport, handling, insects, fungi or bacteria;

“cavity”, in relation to a tomato, means the space between the flesh of the seedcore and the inside of the outerwall of a tomato as measured along the diameter;

“Chief of Commodity Services” means the Chief of the Division of Commodity Services of the Department;

“clean” means free from visible spray residues, excessive dirt and foreign matter;

“consignment” means a quantity of vegetables of the same kind delivered at any one time under cover of the same consignment note, delivery note or receipt note, or from the same vehicle, or if any such quantity of the same kind consists of different cultivars, each quantity of each of the different cultivars;

“Department” means the Department of Agricultural Economics and Marketing;

“diameter” in relation to vegetables, means the greatest transverse measurement measured at a right angle to a line running from the stem end to the apex;

“foreign label” means a label that does not comply with all the marking requirements of these regulations and does not indicate that the vegetables were produced in the Republic;

“fully grown”, in relation to a cucumber, means that the cucumber has a dull appearance, is reasonably smooth, the seeds reasonably hard, the edible portion watery and both ends well filled, yielding with slight pressure of the thumb;

“loose”, in relation to a cauliflower, means that the bud clusters in the head of the cauliflower start to lengthen with the result that the clusters fall apart and the head presents a loose appearance;

“overripe”, in relation to a tomato, means a stage in which the tissues of a tomato have lost resistance, to commercial handling;

“sound” means free from insect damage, insect infestation or any external or internal disorders which may effect quality or good appearance;

“the Act” means the Agricultural Produce Export Act, 1959 (No. 10 of 1959);

“too green”, in relation to a tomato, means a stage where a tomato still cuts dry and the pips still appear undeveloped and are covered with little or no jelly;

“oorryp”, met betrekking tot 'n tamatie, 'n stadium waar die weefsels van 'n tamatie weerstand teen kommersiële hantering verloor het;

“skoon”, vry van sigbare spuitreste, oortollige vuilheid en vreemde stowwe;

“te groen”, met betrekking tot 'n tamatie, 'n stadium waar 'n tamatie nog droog sny en die pitte nog onontwikkeld vertoon en met min of geen jellie bedek is;

“volgroei”, met betrekking tot 'n komkommer, dat die komkommer dof van voorkoms, taamlik glad, die pitte taamlik hard, die eetbare gedeelte waterig en die twee ente goedgevol is en meegee met geringe druk van die duim;

“wollig”, met betrekking tot 'n blomkool, dat die kop van die blomkool fluweelagtig of harig vertoon.

DEEL 1

ALGEMENE BEPALINGS

Kennisgewing

2. (1) Iemand wat van voorneme is om groente uit te voer, moet skriftelik aan die Hoof, van Kommoditeitsdienste, Privaatsak 258, Pretoria, of aan 'n inspekteur, kennis gee van sodanige voorneme, minstens vyf dae voor die datum van uitvoer van sodanige groente.

(2) Sodanige kennisgewing moet verstrekk—

- (a) die aantal houters in die besending;
- (b) besonderhede aangaande die merk en bestemming daarvan;
- (c) die naam van die uitvoerder of sy agent;
- (d) die uitvoerhawe;
- (e) die datum en tyd van uitvoer.

Inspeksie

3. (1) Groente mag nie uitgevoer word nie tensy dit deur 'n inspekteur geïnspekteer en vir uitvoer goedgekeur is kragtens hierdie regulasies en die Wet.

(2) Groente moet vir inspeksie aangebied word op 'n plek deur die Hoof van Kommoditeitsdienste goedgekeur minstens 48 uur voor die inskeping daarvan in die skip of voertuig waarin dit beoog word om die groente uit te voer.

(3) 'n Inspekteur mag in 'n besending soveel houters oopmaak en die inhoud daarvan inspekteer en ondersoek en monsters van sodanige inhoud neem vir die doel van verdere ondersoek of ontleding, as wat hy nodig mag ag.

